

14.4 RAPPORT DEPUTATE EVALUERING DIREKTE BYBELVERTALING

14.4 REPORT DEPUTIES EVALUATION DIRECT BIBLE TRANSLATION

<p>1. Opdrag Acta 2015:112, 3.1.5, 3.1.6.</p> <p>1.1 Die Sinode wys Deputate aan wat nou reeds begin met die evaluering van die vertalings, sodat daar in 2018 (of so gou moontlik na afhandeling van die projek) 'n weloorwoë besluit geneem kan word oor die amptelike gebruik daarvan. Hierdie Deputate moet onder andere die getrouheid aan die vertalingsopdrag (brief) nagaan asook die spesifieke sake wat die GKSA graag in so 'n vertaling wil sien (bv Godsdname). Dit moet ook nagegaan word vir korrektheid.</p> <p>1.2 Die Deputate moet let op die uitvoer van die vertalingsriglyn tov die Godsdname JHWH en Adonai in die Ou Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4), met in agneming van die bestaande riglyne vir vertalers.</p> <p>2. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>2.1 Tyd-projeksie: 'n Gedeelte van Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (Nuwe Testament en Psalms) is in 2014 gepubliseer en die res van die Ou Testament sal nie voor die volgende Algemene Sinode 2018 gereed wees vir publikasie nie. 'n Moontlike datum wat nou genoem word is DV 2020.</p> <p>2.2 Werkwyse: In 'n kennisgewing wat in <i>Die Kerkblad</i> verskyn het en 'n brief wat uitgestuur is aan alle Kerkrade van die Gereformeerde Kerke, is lidmate gevra om hulle insette en kritiek op Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV) te stuur aan die Deputate of direk aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.</p> <p>2.3 Die doel van die Bybelvertaling is soos volg: <i>“Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.”</i> Die Deputate moet die Algemene Sinode 2018 of so gou daarna behulpsaam wees sodat</p>	<p>1. Mandate Acta 2015:112, 3.1.5, 3.1.6.</p> <p>1.1 The Synod has appointed Deputies to already start evaluating the translations now that a well-considered decision may be made about their official use in 2018 (or as soon as possible after completion of the project). These Deputies are to <i>inter alia</i> review the faithfulness of the translation instruction (letter) as well as the specific aspects the GKSA would like to see in such a translation (e.g. names of God). Accuracy must also be verified.</p> <p>1.2 The Deputies are to review the application of the translation guideline in terms of the names of God of JHWH and Adonai in the Old Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 and 6.1.3.4), taking into account existing guidelines for translators.</p> <p>2. Matters that the Synod take note of</p> <p>2.1 Projected time: A section of Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (New Testament and Psalms) was published in 2014, but the remainder of the Old Testament will not be ready for publication before the General Synod 2018. A possible date has been mentioned as DV 2020.</p> <p>2.2 Method: A notification in the <i>Kerkblad</i> and a letter to all church councils of the GKSA requested members to offer input and criticism on Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV) to the deputies or directly to the Bible Society of South Africa.</p> <p>2.3 The aim of the Bible translation is the following: <i>“Create an understandable source text oriented Afrikaans translation of the Bible, suitable for reading and use in worship services as well as catechism, Bible study and personal use.”</i> The Deputies are to enable the General Synod 2018 or soon afterwards to judge whether the BDV translation complies</p>
--	--

<p>hulle kan oordeel of die BDV vertaling ooreenkom met die opdrag, naamlik of dit so getrou moontlik aan die bronteks is en in goed verstaanbare Afrikaans weergegee word. Die brontekste wat gebruik word, word wêreldwyd as die betroubaarste Bybelteks beskou, en is vir die Ou Testament die vierde uitgawe van Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS4) en vir die Nuwe Testament die vierde uitgawe van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe se Greek New Testament (UBS4 rev).</p>	<p>with the instruction, namely whether it is as faithful to the source text as possible and rendered in understandable Afrikaans. The relevant source texts are deemed worldwide as the most authentic Bible texts, which is for the Old Testament the fourth edition of Biblia Hebraica Stuttgartensia (BHS4) and for the New Testament the fourth edition of the Greek New Testament (UBS4 rev) of the World of Bible Societies.</p>
<p>2.4 Die Deputate het van verskeie gemeentes, Bybelstudiegroepe en lidmate kommentaar op Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV) ontvang. Daar was baie wat hulle waardering uitgespreek het vir die enorme groot werk wat deur die vertalers en kommissie aangepak en gedoen is.</p>	<p>2.4 The Deputies received feedback from a number of congregations, Bible study groups and members on Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV). Many expressed their appreciation for the enormous work the translators and commission undertook and carried out.</p>
<p>2.5 Inleiding tot die Bybelboeke: Die Deputate het verskeie aanmerkings ontvang oor die inhoud van die inleidings tot die Bybelboeke. Die Deputate stel voor dat inleidings weggelaat moet word, maar as daar wel besluit word om van inleidings gebruik te maak, moet dit deeglik hersien word om moontlik aanvegbare stellings daaruit te verwyder.</p>	<p>2.5 Introduction to the Bible books: The Deputies received a number of remarks on the content of the introductions to the Bible books. The Deputies suggest that the introductions be dispensed with, but should it be decided to retain them they should be thoroughly revised to remove any questionable statements.</p>
<p>2.6 Kommentaar op verskeie gedeeltes van die Nuwe Testament en Psalms is van lidmate ontvang en aan die Bybelgenootskap gestuur vir oorweging.</p>	<p>2.6 The comments of members on different parts of the New Testament and Psalms were forwarded to the Bible Society for consideration.</p>
<p>2.7 Vreemde terme: Die gebruik van vreemde terme (bv geldeenhede, mates, range) skep probleme. Die Deputate het aan die Bybelgenootskap voorgestel dat die Griekse en Hebreuse woorde behou word met geldeenhede, maar dat mates, tyd-eenhede en range vertaal word. Die Bybelgenootskap is ook versoek om daarop te let dat dit konsekwent vertaal word.</p>	<p>2.7 Unfamiliar terms: The use of unfamiliar terms (e.g. currency units, measures, ranks) is problematic. The Deputies suggested to the Bible Society that the Greek and Hebrew words for currency units be retained, but that measures, time units and ranks be translated. The Bible Society was also requested to ensure consistent translation.</p>
<p>2.8 Die voorgestelde vertalings van verskeie boeke van die Ou Testament is ontvang van die Bybelgenootskap om as deel van die groep Kerklike Lesers kommentaar te lewer, en alle kommentaar wat ontvang is, is aan die Bybelgenootskap aangestuur. Die</p>	<p>2.8 The proposed translations of various books of the Old Testament were forwarded by the Bible Society for commentary from the group Kerklike Lesers and all feedback received was sent to the Bible Society. The Bible Society expressed their thanks for this.</p>

<p>Bybelgenootskap het hulle dankbaarheid daarvoor betuig.</p> <p>3. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>3.1 Die opdrag aan die Deputate word gekontinueer:</p> <p>3.1.1 Die Deputate evalueer die vertaling en maak 'n aanbeveling sodat daar tydens die Algemene Sinode 2021 (of so gou moontlik na afhandeling van die projek) 'n weloorwoë besluit geneem kan word oor die amptelike gebruik daarvan.</p> <p>3.1.2 Hierdie Deputate gaan onder andere die getrouheid aan die vertalingsopdrag na asook die spesifieke sake wat die GKSA graag in so 'n vertaling wil sien (bv Godname).</p> <p>3.1.3 Die Deputate moet let op die uitvoer van die vertalingsriglyn tov die Godname JHWH en Adonai in die Ou Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 en 6.1.3.4), met in agneming van die bestaande riglyne vir vertalers.</p> <p>3.2 Die Deputate volg die saak rondom die inleidings tot die Bybelboeke met die Bybelgenootskap op.</p>	<p>3. Matters that the Synod decide on</p> <p>3.1 The instruction to the Deputies is to stand:</p> <p>3.1.1 The Deputies must evaluate the translation and make a recommendation to enable the General Synod 2021 (or as soon after the completion of the project as possible) to come to a well-considered decision on its official use.</p> <p>3.1.2 These Deputies are to <i>inter alia</i> verify the faithfulness of the translation instruction as well as the specific aspects the GKSA would like to see in such a translation (e.g. names of God).</p> <p>3.1.3 The Deputies must see to the compliance with the translation guideline, in terms of the names of God JHWH and Adonai in the Old Testament (Acta 2003:114, 5.3.5 and 6.1.3.4), taking into account existing guidelines for translators.</p> <p>3.2 The Deputies are to follow up on the introductions to the Bible books with the Bible Society.</p>
--	---

Rapporteur: Dr J Lion-Cachet

Reporter: Dr J Lion-Cachet